

Streeptrui

VIR DIE LAATSOMER

Brei 'n helderleurige trui met 'n Fair Isle-voorkoms vir die laaste loom somerdae. Saamgestel deur Riana van der Merwe

Benodigdhede

Pingouin Family Knit vierdraad (50 g-bolle), 3(3; 4; 4) bolle Royal (kleur nr. 08, A), 1(1; 2; 2; 2) bolle elk Citron-geel (20, B), tamatierooi (39, D), Surf (52, E), Cognac (47, C) en 1 bol wit (01, G). Paar elk Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3,00 mm.

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

Mate

Om borsmaat van 82-87(92; 97; 102; 107-112) cm lossies te pas; ware grootte: borsmaat 99(105; 111; 117; 123) cm, lengte tot skouer 50 (52; 54; 56; 58) cm; mounaat 14(15; 15; 16; 17) cm.

Spanning

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen: 27 steke en 38 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,00 mm-naalde. Die regte spanning is uiters belangrik; as daar te min steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

Afkortings

alt – alternatiewe;
aw – brei awereg;
beg – begin;
grn – gare rondom breinaald;
gv – gare vorentoe;
herh – herhaal;
ks – koussteek, 1 ry regs, 1 ry awereg;
N(e) – naald(e);
oorbl – oorblywende;
pat – patroon;
r – brei regs;
rif – riffelsteek, r1, aw1;
rs – reksteek (elke ry regs);

R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk;

st(e) – steek(steke);

tes – tesame;

vermeer – vermeerder;

vermin – verminder;

vlg – volgende;

weersk – weerskante.

Patroonsteek word volgens diagram gebrei.

Borduurwerk: Skuins steke word op die 4-ry pat-strepe geborduur soos uiteengesit in aanwysings.

Agterpant

Gebruik 2,75 mm-Ne en A, stel 127(135; 143; 151; 159) ste op en brei rif.

1e (RK) ry: aw1, *r1, aw1; herh van * tot einde.

2e ry: r1, *aw1, r1; herh van * tot einde.

Herh dié 2 rye nog 4 keer, brei dan 1e ry nogmaals.

Vermeer-ry: rif 12(13; 14; 15; 16); vermeer in vlg st, [rif 16(17; 18; 19; 20), vermeer in vlg st] 6 keer, rif oorbl 12(13; 14; 15; 16) ste – 134(142; 150; 158; 166) ste. Slaan oor na 3,00 mm-Ne en brei pat volgens diagram 2, voeg kleure in soos nodig; dit is raadsaam om elke kleur na gebruik af te knip, in plaas daarvan om te veel kleure aan die syrand van werk saam te voer.

1e-14e ry: Beg met 'n r-ry en brei 2 rye ks met A, dan 4 rye B, 2 rye C, 2 rye A, 2 rye D, daarna 2 rye C. Heg A weer vas en voeg G by.

15e ry, 1e grootte: r1G, *6A, 1G, 1A, 1G*; herh van * tot *, eindig met 6A, 1G.

2e grootte: r2A, 1G, 1A, 1G; herh van * tot * 15 keer soos uiteengesit vir 1e grootte; r2A.

3e grootte: Herh van * tot * 16 keer soos uiteengesit vir 1e grootte, r6A.

4e grootte: (r1A, 1G) 2 keer, herh dan van * tot * 17 keer soos uiteengesit vir 1e grootte, r1A.

5e grootte: r5A, 1G, 1A, 1G, herh dan van * tot * 17 keer soos vir 1e grootte, r5A.

16e ry: Deurgaans aw, brei kleurvolgorde soos vasgestel. Brei voort in pat volgens diagram 2, maar brei in 35e en 36e ry die G-ste in dieselfde posisies soos in 15e en 16e ry. Brei pat sonder vorming tot werk 28(29; 30; 31; 32) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Skryf die aantal pat-rye neer.

Mousgatvorming: Hou pat deurlopend en heg 2 ste af aan beg van vlg 12 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg alt ry.

Brei voort op oorbl 108(116; 124; 132; 140) ste tot werk 50(52; 54; 56; 58) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Skryf die totale aantal pat-rye neer.

Skouer- en halsvorming, 1e ry: Heg 10(11; 12; 13; 14) ste af, brei tot daar 32(34; 36; 38; 40) ste op regternaald is, hou hulle eenkant, heg vlg 24(26; 28; 30; 32) ste af, brei tot einde.

Linkerskouer: Brei op 42(45; 48; 51; 54) ste wat aan einde van N oorbly.

Heg 10(11; 12; 13; 14) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daaropvlg ry. Herh laaste 2 rye 1 keer, heg dan oorbl 12(13; 14; 15; 16) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Regterskouer: Heg werkdraad

aan halsrand van oorbl ste vas, heg 5 ste af, brei tot einde. Heg 10(11; 12; 13; 14) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daaropvlg ry. Heg oorbl 12(13; 14; 15; 16) ste af.

Regtervoorpant

Gebruik 2,75 mm-Ne en A en stel 65(69; 73; 77; 81) ste op; brei 11 rye rif soos vir agterpantboord.

Vermeer-ry: [Rif 15(16; 17; 18; 19), vermeer in vlg st] 3 keer, rif oorbl 17(18; 19; 20; 21) ste – 68(72; 76; 80; 84) ste.

Slaan oor na 3,00 mm-Ne en pat.

1e-14e ry: Brei soos uiteengesit vir agterpant.

Heg A vas en voeg G in.

15e ry: r4A, 1G, 1A, 1G, herh van * tot * in 15e pat-ry van agterpant 6(7; 7; 8; 8) keer, r6(2; 6; 1; 5)A, dan slegs vir 1e grootte, r1G.

Brei voort in pat soos nou vasgestel tot pant so lank soos agterpant tot mousgatvorming is, eindig met dieselfde pat-ry.

Hals- en mousgatvorming:

Vermin 1 st aan beg van vlg ry vir halsvorming, heg dan 2 ste af aan beg van vlg ry vir mousgat. Hou aan met mousgatvorming deur 2 ste aan dieselfde rand af te heg in vlg 5 alt rye, dan 1 st in daaropvlg alt ry, hou daarna hierdie rand reguit; vermin terselfdertyd 1 st aan halsrand in vlg ry en daaropvlg 7(7; 7; 8; 8) alt rye, daarna aan dieselfde rand in elke vlg 4e ry 14(15; 16; 16; 17) keer. Brei op oorbl 32(35; 38; 41; 44) ste tot jy 1 ry meer as vir agterpant tot skouer gebrei

Na bladsy 64



TREFFERTRUIE
1996
NR.2
ROOI ROSE

het, eindig dus aan syrand.
Skouervorming: Heg 10(11; 12; 13; 14) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, brei nog 1 ry en heg dan oorbl 12(13; 14; 15; 16) ste af.

Linkervoorpant

Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde steekplasing in 15e ry en alle vormings omgekeer. Beg mousgatvorming en skouer- vorming in dieselfde pat-ry soos vir agterpant.

Moue (2)

Gebruik 2,75 mm-Ne en A en stel 81(85; 87; 89; 93) ste op, brei 11 rye rif soos vir agterpantboord. **Vermeer-ry:** [Rif 13(14; 14; 10; 11), vermeer in vlg st] 5(5; 5; 7; 7) keer, rif oorbl 11(10; 12; 12; 9) ste – 86(90; 92; 96; 100) ste.

Slaan oor na 3,00 mm-Ne en brei pat volgens diagram 2, vorm syrande só: Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry 2(3; 2; 3; 3) keer, dan in elke alt ry 3(1; 3; 1; 0) keer – 96(98; 102; 104; 106) ste.

(Brei, slegs vir 5e ry, nog 2 rye sonder vorming.) Jy het hiermee die 14e pat-ry van elke grootte voltooi.

15e ry: (Vir 2e grootte, r1G; vir

3e grootte r1G, 1A, 1G; vir 4e grootte r(1A, 1G) 2 keer; vir 5e grootte r2A, 1G, 1A, 1G); dan vir alle groottes herh van * tot * in 15 pat-ry van agterpant 10(10; 11; 11; 11) keer, r6(6; 0; 1; 2)A, (dan 1G, slegs vir 2e grootte).

Hou pat deurlopend en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, daarna in elke alt ry nog 11(13; 13; 15; 17) keer.

Brei 4 rye op dié 120(126; 130; 136; 142) ste; jy het hiermee 42(46; 46; 50; 54) pat-rye voltooi.

Moukopyvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 12 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg alt ry. Heg oorbl 94(100; 104; 110; 116) ste af.

Afwerking

Borduur eerstens die steke wat op die klein diagram aangedui word, plaas die skuins steke só: Beg op 3e pat-ry van agterpant, gebruik E dubbel, slaan 1(2; 3; 1; 2) ste vanaf regterrand oor. Steek naald na RK, voor vlg steek, deur en plaas draad skuins oor 2 steke na links en 4 rye na bo; steek by 6e ry na VK deur, slaan agter langs 1 steek oor en steek naald weer na RK



deur; neem draad nou skuins na links afwaarts oor 2 steke en 4 rye, en steek naald na agterkant deur – daar is dus aan onderkant van borduurstrook 6 steke tussen die skuins steke en aan bokant 1 steek. Steek naald nou agter langs volgende steek aan onderkant deur en gaan voort met afwisselend 1 st en 6 ste tussen skuins borduursteke. Aan einde van geborduurde skuinssteekry bly 1(2; 3; 1; 2) ste oor.

Doen dieselfde tussen 25e tot 28e ry, maar gebruik A dubbel. Gaan voort met borduur van

Borduur met 'n dubbele draad groot skuins steke op die 4-ry-strepe, soos in afwerking uiteengesit. Borduur met E op B-strepe en met A op C-strepe.

Raadpleeg aanwysings vir presiese plasing van patroon op alle pante
 1 = Royal (A)
 2 = Citron-geel (B)
 3 = Cognac (C)
 4 = Tamatierooi (D)
 5 = Surf (F)
 / = Wit (G)

skuins steke op die oorblywende 4-ry-strepe van agterpant, sorg dat skuins steke presies bokant skuins steke van vorige geborduurde ry geplaas word.

Borduur ooreenstemmende skuinssteekstrepe op voorpante, begin aan syrand van pant en slaan 1(2; 3; 1; 2) ste oor voor jy met skuins steke begin. Borduur op moue weer vanaf 3e pat-ry, maar slaan (vir alle groottes) slegs 1 st vanaf syrand oor; werk verder soos reeds uiteengesit en sorg dat ste in volgende strepe presies bokant dié van vorige streep pas.

Voorpant- en halsstroke:

Met RK voor, 2,75 mm-Ne en A, tel op en r81(84; 87; 90; 93) ste uit reguit deel van regtervoorpantrand en 68(71; 74; 77; 80) ste uit halsafskuinsing tot skouer – 149(155; 161; 167; 173) ste. Beg met 2e ry, brei 3 rye rif, maak knoopsgate in vlg (RK-) ry, beg vanaf onderrand.

1e grootte: (aw1, r1) 2 keer, (gv, r2tes, rif 10) 6 keer, gv, r2tes, rif tot einde.

2e grootte: aw1, r1, aw1, (grn, aw2tes, rif 11, gv, r2tes, rif 11) 3 keer, grn, aw2tes, rif tot einde.

3e grootte: (aw1, r1) 2 keer, (gv, r2tes, rif 11, grn, aw2tes, rif 11) 3 keer, gv, r2tes, rif tot einde.

4e grootte: aw1, r1, aw1, (grn, aw2tes, rif 12) 6 keer, grn, aw2tes, rif tot einde.

5e grootte: (aw1, r1) 2 keer, (gv, r2tes, rif 12) 6 keer, gv, r2tes, rif tot einde.

Alle groottes: Brei nog 2 rye rif, heg dan lossies, rifsgegewys, af.

Brei ook so 'n riffelrand aan linkervoorpant, maar neem groepe steke in omgekeerde volgorde op en laat knoopsgate weg. Met RK voor en 2,75 mm-Ne en A, tel op en r47(49; 51; 53; 55) ste uit halsrand van agterpant. Beg met 'n 2e rif-ry en brei 6 rye rif, heg lossies, rifsgegewys, af.

Werk skouernate en kort kante van riffelboorde toe. Werk moue vas, werk daarna sy- en mounate toe, sorg dat strepe ooreenstem. Werk knope teenoor knoopsgate vas.

DIAGRAM 1: BORDUUR VAN SKUINS STEKE



DIAGRAM 2: KLEURVOLGORDE

